

5 Junie 2014

Geagte Belanghebbende

**Aansoek om Omgewingsimpakevaluering vir die voorgestelde Nuwe Koffiefontein Slikdamontwikkeling  
by die Koffiefontein Diamantmyn**

**VERW. NO.: EMS/23(ii), 3, 15/14/11; NEAS VERW. NO.: FSP/EIA/0000379/2014**

'n Omgewingsimpakevaluering (OIE) word vir die voorgestelde nuwe slikdam en gepaardgaande infrastruktuur by die Koffiefontein Diamantmyn onderneem. Die Koffiefontein Diamantmyn is geleë op die Restant van die plaas Koffiefontein 733 in die Vrystaatprovinsie.

Die myn se spasie vir die verwydering van slik uit die huidige diamantmyn en verwerkingsprosesse raak min. 'n Nuwe slikdam sal nodig word en die grootte daarvan sal voorsiening moet maak vir die verlenging van die myn se lewensduur. Die slikdam sal op myngrond en langs bestaande slikdamme geleë wees. Die pasvoorgestelde slikdam sal op 'n omgewingsverantwoordelike wyse gebou word. Petra Diamonds se uitbreidingsplan by die Koffiefontein Myn sal na verwagting teen 2017 produksie uitbrei. Die huidige mynplan het 'n lewensduur van 12 jaar, maar die ertsliggaam bly oop teen diepte, dus sal die werklike lewensduur van die myn aansienlik langer wees.

Zitholele Consulting is deur Koffiefontein Diamantmyn Gesamentlike Onderneming aangestel ten einde 'n Aansoek om Omgewingsimpakevaluering (OIE) vir hierdie voorgestelde addisionele slikdam en gepaardgaande infrastruktuur te doen. Die OIE sal bedryfbare terreine van voorkeur vir die ligging van die slikdam, sowel as verskillende tegnologieë vir die bestuur van die slikdam en moontlike ontwerpe vir verwyderingsgeriewe, identifiseer, voorstel en evalueer.

Gepaardgaande infrastruktuur kan die volgende insluit:

- Dienste, insluitend watervoorsiening in die vorm van pyplyne; en
- Toegangs- en instandhoudingspaaie na die slikdam.

'n OIE moet ooreenkomstig die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, (Wet 107 van 1998) onderneem en deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake, Vrystaatprovinsie (die *DETEA*) goedgekeur word.

Sharon Meyer van Zitholele Consulting (Edms.) Bpk. is aangestel as die Omgewingsimpakevalueringspraktisyn vir hierdie OIE. Die besluitnemingsowerheid vir hierdie projek is die *DETEA*.

U word uitgenooi om as 'n Belangstellende en/of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en om aan hierdie omgewingsproses deel te neem deur die registrasie- en kommentaarvorm in te vul wat by die Agtergrondinligtingsdokument ingesluit is. Stuur die kommentaarvorm asseblief op die laaste teen 5 Julie 2014 terug vir hierdie aanvanklike openbare kennisgewingsproses, hoewel indienings en openbare deelname regdeur die OIE-proses sal voortduur.

Stuur asseblief u antwoord aan die Openbare Deelnamekantoor by faksnommer 086 676 9950 of rig 'n e-pos aan publicprocess@zitholele.co.za. U is ook welkom om telefonies met Zitholele Consulting in verbinding te tree by 011 207 2060. Hierdie evaluering word namens die Koffiefontein Diamantmyn onderneem.

Die uwe



**Nicolene Venter**  
**Openbare Deelnamekantoor**